
# HOE OM VRY TE WEES VAN



# BITTERHEID

J. Wilson

# HOE OM VRY TE WEES

# VAN

# BITTERHEID

Jim Wilson

# VOORWOORD

**Hoe om vry te wees van BITTERHEID.**

— Jim Wilson

Per geleentheid het ek 'n medewerker, wie se aktiwiteite haar dikwels na kommunisties gedomineerde lande geneem het, gevra:

"Wat beskou jy as die belangrikste faktor waarteen Christene moet waak wanneer hulle oorrompel word deur 'n groep wat nie heeltemal so vriendelik is nie, wat inderdaad vyandig is teen die Christelike boodskap?"

Sy het geantwoord: "Die een ding waarteen veral gewaak moet word, is bitterheid".

Aangesien daar in Suid-Afrika 'n toenemende neiging vir Christene is om bitter te word en 'n wrok te koester met betrekking tot die veranderinge wat waarskynlik gaan kom, is ek baie bly dat ons hierdie boek vir hulle kan aanbied. Dit was alreeds tot groot seën vir baie mense. Daarom beveel ek dit van harte aan vir alle gelowiges wat God wil verheerlik deur hulle lewens tydens die veranderende omstandighede wat ons waarskynlik in die gesig gaan staar.

Laat ons nooit die volmaakte voorbeeld van ons Here Jesus vergeet nie: "HY WAT GEEN SONDE GEDOEN HET NIE, EN IN WIE SE MOND GEEN BEDROG GEVIND IS NIE; WAT, TOE HY UITGESKEL IS, NIE TERUG UITGESKEL HET NIE; TOE HY GELY HET, NIE GEDREIG HET NIE, MAAR DIT OORGEGEE HET AAN HOM WAT REGVERDIG OORDEEL" (1 Petrus 2:22, 23).

— Francis Grim



"Alle bitterheid en woede en toorn en geskreeu en lastering moet van julle verwyder word, saam met alle boosheid. Maar wees vriendelik en vol ontferming teenoor mekaar; vergeef mekaar soos God ook in Christus julle vergewe het. Wees dan navolgers van God soos geliefde kinders; en wandel in liefde, soos Christus ons ook liefgehad het en Hom vir ons oorgegee het as 'n gawe en offer aan God tot 'n lieflike geur" (Efese 4:31 - 5:2).

In bostaande teksgedeelte word ons beveel om van alle bitterheid ontslae te raak. Voordat ons hierdie opdrag van nader beskou en bespreek, is dit baie belangrik dat ons besef dat ons enigste hoop op verlossing in Jesus Christus geleë is, en wel in wat Hy aan die kruis vir ons gedoen het. In alles wat ons doen moet ons navolgers van God wees.

In die Ou Testament ontmoet ons 'n vrou met die naam Naómi wat "Aangenaam" beteken. Sy het saam met haar man en twee seuns uit Israel weggetrek na 'n ander land. Daar is haar man oorlede en binne die volgende tien jaar is albei haar seuns ook dood. Sy het hieroor sekere opmerkings teenoor haar skoondogter gemaak: " ... dit is vir my baie bitterder as vir julle dat die hand van die Here teen my uitgestrek is (Rut 1:13). Sy het haar seuns en haar man verloor, terwyl hulle net hulle mans verloor het.

Sy het 'n vergelyking gemaak om te bepaal wie van hulle die reg het tot die meeste bitterheid. Later sê sy: "Noem my nie Naómi nie. Noem my Mara, wat bitter beteken. Ek hou nie van die naam Aangenaam nie. Dit pas my nie. Ek verkies die naam Bitter.

Naomi se bitterheid was teenoor God. Dit was God wat haar man en haar seuns van haar weggeneem het, en sy was bitter teenoor Hom.

Daar is vandag baie sulke mense. Hulle is nie alleen bitter nie, maar hulle geniet dit om bitter te wees. Dis vir hulle aangenaam. Sou hulle daarvan ontslae raak, sou hulle doelloos

in die lewe voortgaan.

Ons ken sulke mense in die wêreld en ons weet ook van sulkes in die kerk. Dis maklik om te sien wanneer iemand bitter is. Dit spreek uit die persoon se oë en die lyne op die gesig — al is die persoon nog jonk. 'n Mens kan dit aan hulle mond sien en dit word duidelik sigbaar wanneer hulle glimlag of lag. Hulle is bitter en almal kan dit agterkom, ook aan die stemtoon en stembuiging. En wat meer is, dis so opvallend, veral wanneer hulle jou verseker dat hulle nie verbitterd is nie. Die bitterheid in so 'n persoon se lewe staan sentraal en deurtrek alles.

Daar is heelwat karakters in die Bybel, buiten Naómi, wat ook bitter was. Jona, onder andere, was ook 'n verbitterde mens. God vra Hom: "Het jy rede om vertoornd te wees oor die wonderboom?" Waarop Jona antwoord: "Ek het rede om vertoornd te wees tot die dood toe" (Jona 4:9).

Hy het gereken dat hy die reg het om vertoornd te wees, nie soseer oor die wonderboom nie maar oor die feit dat God die stad Ninevé en sy mense gespaar het — hulle vergewe het.

Mense hou mos daarvan om 'n wrok teen iemand anders te koester. Maar ons teksvers sê dat ons alle bitterheid van ons moet verwyder, en 'n teer en liefdevolle hart moet behou. Die vraag ontstaan of dit wel moontlik is om vriendelik, vol ontferming en liefdevol en tegelykertyd ook bitter te kan wees. Liefde en bitterheid is albei innerlike gesindhede en dit is onmoontlik om twee sulke verskillende, teenstrydige gesindhede terselfdertyd te kan openbaar.

Die Woord sê dat ons van alle bitterheid moet ontslae raak en dat ons liefdevol en hartlik teenoor mekaar moet wees. Dit beteken net een ding. Die bitterheid moet verwyder word. Maar voordat dit verwyder kan word moet 'n mens eers begryp wat bitterheid werklik is en of jy self verbitterd is.

Dis redelik maklik om bitterheid by 'n ander persoon op te merk, maar dis nie so maklik om dit in jou eie lewe raak te sien nie. Daarom is dit noodsaaklik om goed te verstaan wat



die Bybel met bitterheid bedoel.

Kom ons veronderstel 'n Christen sondig. Hy vertel 'n leuen. Hoe voel hy nou? Voel hy skuldig of voel hy bitter? Hy voel vanselfsprekend skuldig. Wanneer ons sondig, voel ons skuldig.

Maar kom laat ons nou veronderstel dat iemand 'n leuen oor hierdie Christen vertel en dwarsdeur die gemeenskap versprei. Wat ondervind hy nou? Skuld of bitterheid? Natuurlik bitterheid!

Ons ondervind dus 'n skuldgevoel wanneer ons sondig, en bitterheid wanneer iemand anders teenoor ons sondig. Bitterheid dui dus op iemand anders se optrede. Indien ons oortree het, sou ons skuldig gevoel het en sou ons besef het dat ons die sonde moes bely en laat staan het.

Miskien bely ons nie eers die sonde nie, en dit nie uit onkunde nie. Maar wat maak ons met die skuld van iemand anders? Bitterheid is altyd op iemand anders se oortreding gebaseer — of dit nou werklik of denkbeeldig is.

Kom ons bepeins eers die denkbeeldige oortreding. Baiekeer kan ons teenoor iemand bitter voel oor iets wat ons dink hy van ons gesê het, terwyl hy dit nooit werklik gesê het nie. Dit was 'n valse berig, en nou is ons verbitterd. Ons verwag dat die persoon ons om verskoning moet vra oor iets waarvan hy nie kennis dra nie. Sal ons nou lewenslank verbitterd bly omdat hy nie jammer is oor iets wat hy nooit gesê het nie?

Terloops, baie verbitterde mense kan nie glo dat dit moontlik is om oor denkbeeldige sondes bitter te kan wees nie. Sover dit bitterheid aangaan, is die ander persoon se skuld altyd 'n werklikheid. Diesulkes meen dat dit vir hulle voldoende is om te aanvaar dat die ander persoon die skuldige is, *solank hulle net ons teksgedeelte gehoorsaam.*

Maar wat nou van werklike oortreding? Daar is baie verbitterde mense wat werklik verontreg is deur die oortreder. Hoe maak ons nou met 'n werklike oortreding?

Bitterheid is gebaseer op sonde wat op een of ander manier met die verbitterde persoon verbandhou. Dit maak nie saak hoe groot die sonde is nie, maar hoe *na* so 'n sonde aan die verontregte persoon is. Byvoorbeeld, sê nou maar 'n groot immoralitieit word ver weg in Iran, Irak of El Salvador of selfs Colombië gepleeg. Ons lees daarvan, maar ons sal nie skuldig of bitter voel nie. Ons mag ons ontstel of verstom of iets dergeliks, maar ons sal nóg skuld, nóg bitterheid ondervind. Dit was nou wel 'n verskriklike sonde wat deur iemand werklik gepleeg is. Ons sien dus dat bitterheid nie soseer verband hou met die grootheid van die sonde wat deur die ander persoon gepleeg is nie, *as met die nabyheid van diegene aan my.*

Wie is dan waarskynlike kandidate vir bitterheid? Die antwoord is eenvoudig: vaders, moeders, broers, susters, eggenote, kinders, vriende, kamermaats, die wat bo en onder my aangestel is, medewerkers, besigheidsvennote, grootouers en miskien ook ander familielede. Daar is selfs baie mense wat verbitterd is teenoor God.

Ons word dus nie verbitterd oor onreg wat buite ons onmiddellike omgewing gepleeg word nie. Bitterheid is gebaseer op iemand anders se sonde, iemand wat naby aan ons staan, en wat ons verontreg het.

Dit kan iets kleins wees. Dit hoef nie 'n groot onreg te wees nie, *die persoon moet net na aan ons staan.* Tel 'n seun sy kouse op? Nee? Kan jy daaroor verbitterd raak? Nee! Maar veronderstel hy doen dit 5000 keer! Wat dan?

Jy mag wel dink jy het die volle reg om bitter te word. Maar die Bybel gee aan niemand die reg tot bitterheid nie. Ons teks sê dat *álle bitterheid van ons moet verwyder word.*

"Pas op dat niemand in die genade van God veragter nie; dat geen wortel van bitterheid opskiet onrus verwek en baie hierdeur besoedel word nie" (Heb 12:15).

Hier word bitterheid as 'n wortel beskrywe. 'n Wortel is iets wat ondergronds groei en nie gesien kan word nie. Daar kan



wel uiterlike tekens teenwoordig wees soos wanneer sypaadjies deur ondergrondse wortels opgelig word. Wortels bly ook nie altyd ondergronds nie. Omdat hulle nie gesien kan word nie, beteken dit nie dat hulle nie daar is nie, of dat hulle nooit gesien sal word nie. Hulle word steeds gevoed en een of ander tyd verskyn hulle bo die grond.

Die vrugte wat gedra word, staan in direkte verhouding tot die wortel wat dit voortbring. Die wortels van 'n appelboom bring appels voort. Net so sal 'n bitter wortel bitter vrugte voortbring.

Dis presies wat bostaande teksvers sê. Pas op dat 'n wortel van bitterheid opskiet en onrus verwek en baie mense besoedel. Het jy al gesien hoe lyk 'n kerk wanneer dit deur bitterheid besmet word? Bitterheid kan soos 'n veldbrand deur 'n gemeente trek. Dit kan 'n werkplek deurkruis, of 'n slaapsaal. Waarom gebeur dit so? Omdat een persoon besluit het om sy bitterheid oor een of ander saak aan ander te vertel. Hy was bitter en het toegelaat dat die wortel na bo kom en vrugte dra. Hy het dit aan ander vertel en baie is daardeur besoedel. Die skrywer van die Hebreërs waarsku ons hierteen. Hy sê dat ons moet oppas dat ons in die genade van God nie veragter nie. Wanneer ons dit laat gebeur, kom die bitterheid op en besoedel baie mense. Dit besmet baie mense.

Maar wat gebeur met 'n mens wat jaar in en jaar uit die bitterheid in sy binneste opkrop? Hoe affekteer dit sy gesondheid?

Kan hy regtig siek word as gevolg van opgekropte bitterheid? Miskien het hy 'n verborge bitterheid teenoor 'n familielid wat hy al jarelank troetel. Hy het dit in sy binneste gehou en met niemand bespreek nie. Ander mense is nie daardeur besoedel nie omdat hy dit binnekant gehou het. Maar na 'n aantal jare voel hy die seer hier binnekant. Hy raadpleeg sy dokter. Dié laat hom verstaan dat al raad wat hy vir hom het, is om besoek af te lê by 'n sielkundige.

So beland die verbitterde persoon by 'n psigiater en hy sê:

"Ja, jy is siek. En ek weet waaraan jou siekte te wyte is. Jy is nou al vir twintig jaar verbitterd teenoor jou pa. Jy het die bitterheid onderdruk, maar dis na al die jare nog daar en het jou van binnekant laat verrot. Jy het die gif binnekant gehou en dit het jou oor die jare vergiftig. Dus wil ek aanbeveel dat jy die saak met jou pa gaan uitpraat. Waarom wil jy dit opkrop en daarvan siek word? Vertel dit aan andere sodat hulle ook kan siek word."

Ons sien dus dat die wêreld twee moontlikhede bied. Of jy kan die bitterheid in jou binneste opkrop en alleen daarvan siek word, óf jy kan dit aan ander vertel en sodoende die siekte laat versprei. God se oplossing is om dit te ontwortel. Verwyder dit. *Maar dit kan alleen deur die genade van God gedoen word.* 'n Mens moet die Here Jesus ken om dit te kan doen. Hy is die bron van die genade.

Christene behoort nie die wêreld se oplossing vir bitterheid te probeer nie. Indien hulle dit sou probeer, laat dit hulle met twee swak keuses. Die Bybel sê ons moet alle bitterheid verwyder. Ons moet dit nie opkrop nie, en ons moet dit nie aan ander vertel nie. Lewer dit uit aan die Vader deur die Seun.

> "Maar as julle bittere afguns en selfsug in julle hart het, moenie roem en lieg teen die waarheid nie. Dit is nie die wysheid wat van bo kom nie, maar is aards, natuurlik, duiwels; want waar afguns en selfsug is, daar is wanorde en allerhande gemene dade" (Jak. 3: 14-16).

Toe ek 'n jongman in die vloot was, het ek gedink dat namate mense ouer en meer volwasse word, die onderlinge nietighede en jaloesie tussen hulle sou verdwyn. Ek het gedink hoe hoër 'n mens se rang, hoe meer volwasse word hy, en dat minder van hierdie nietighede sou plaasvind. Maar hoe ouer ek geword het, hoe duideliker was dit dat jaloesie eerder toeneem. *Bitterheid neem toe.* Tensy daar 'n oplossing gevind word, word die bitterheid nie minder hoe meer volwasse die mens word nie. Inteendeel, die bitterheid neem toe met verloop van jare, en vererger.



Indien 'n mens bittere afguns vertroetel, volg allerhande gemene dade. Dit het nie sy oorsprong in die hemel nie. Dit kom uit die hel uit, en is duiwels. Elke gemene daad is as gevolg van hierdie gesindheid. Oënskynlik het ons 'n geweldige probleem. Hoe kan ons van bitterheid ontslae raak?

Die eerste vereiste is dat ons moet besef dat ons bitter is. Hoe weet jy wanneer jy verbitterd is?

Een goeie bewys is die volgende: Bitterheid onthou die fynste besonderhede. 'n Mens het deur die loop van jou lewe al duisende gesprekke gehad, waarvan die meeste al vergete is. Maar hierdie een spesifieke gesprek wat vyf jaar gelede plaasgevind het, staan jou nog duidelik voor die gees — elke woord, elke stembuiging. Jy onthou duidelik wat gebeur het — dit dui op bitterheid.

Iemand mag dalk beswaar maak dat dit ook moontlik is om besonderhede van 'n gesonde gesprek te onthou. Kan dit gebeur? Ja, dit kan gebeur, maar dis onwaarskynlik. Waarom dan? Omdat die geheue deur voortdurende *herhaling* aangehelp word. Die mens is nie daartoe geneig om die goeie gebeure so herhaaldelik te oordink nie. Maar die onaangename gebeure word keer op keer deurleef. Ek het al heelwat beraad met egpare wat op skei staan gehad. Sommige ken ek al van huweliksdae af, toe hulle gelukkiger dae geken het. Maar wanneer dit kom by egskeiding, dan onthou hulle nie 'n enkele gelukkige gebeurtenis nie. Net die slegte dinge word onthou omdat dit gedurig in herinnering geroep word. Hulle is verbitterd.

Dit beteken nie dat hulle nie gelukkige tye geken het nie. Dit beteken net dat elkeen gekonsentreer het op hoe reg hy of sy is, en hoe verkeerd die ander persoon is. Indien iemand dinge in die fynste besonderhede onthou wat jare gelede gebeur het, toe hy nog 'n kind of jongmens was, en boonop beskuldigende gevoelens teenoor enige betrokke persoon koester, dan dui dit op bitterheid. En die raad teen bitterheid is om daarvan ontslae te raak.

Jare gelede, in Dallas, Texas, het ek 'n besondere ondervinding gehad. Ek het een Saterdagaand aan huis van 'n ou vriend, 'n praatjie gegee. Aangesien ek vooraf geweet het dat ek daar sou optree, het ek voor die tyd aan vriende in die omgewing geskrywe en hulle genooi om die byeenkoms by te woon. So het dit gebeur dat 'n hele paar ou vriende en kennisse daar opgedaag het.

My gasheer het my gevra om oor die probleem van bitterheid te praat. Na afloop van die lesing het 'n egpaar my kom sien. Ek het hulle agt jaar tevore in Pullman in Washington ontmoet. Die vrou het na my toe gekom en gesê: "Ons is nou agt jaar getroud. Die eerste jaar van ons huwelik was ek so verbitterd teenoor my moeder dat ek dit elke dag op my man afgelaai het. Daardie eerste jaar was baie ongelukkig omdat ek aanhoudend hierdie bitterheid wat ek teenoor my moeder gekoester het aan my man oorgedra het".

Sy het verder gegaan en vertel dat ek sewe jaar tevore by 'n ander geleentheid oor bitterheid gepraat het. Daardie aand het sy van haar probleem bewus geword en deur die genade van die Here is sy daarvan verlos. 'n Tyd daarna het sy 'n ander vrou ontmoet wat baie bitter teenoor haar moeder was. Sy het toe by haarself gedink: "Ek kan daardie vrou help. Ek sal al my eie ondervindinge aan haar vertel." Ek stap toe na haar toe om dit te vertel, en daar ontdek ek dat ek geen besonderhede kon onthou nie. Al wat ek haar kon meedeel was dat ek vroeër al die besonderhede kon onthou, maar dat dit nou alles vergete was. Die Here het haar werklik van haar bitterheid bevry.

By 'n ander geleentheid het ek 'n kursus van vier weke oor die huwelik aangebied. Ek het 'n kennisgewing in die koerant geplaas om die kursus te adverteer en ek het nie geweet wie by die kursus sou opdaag nie. Onder die aanwesiges was 'n vrou wat deur haar dokter verwys is. Ek moet bely dat ek nog selde in my lewe iemand so bitter in voorkoms gesien het! Sy het al veertig jaar lank haar bitterheid laat ophoop. Daardie aand het sy van haar bitterheid ontslae geraak en sy het 'n afspraak met my gemaak om my die volgende dag



weer te sien. Toe sy by die boekwinkel waar ek gewerk het, opgedaag het, het ek haar glad nie herken nie! *Haar hele voorkoms het verander.* Ek het haar net die vorige aand ontmoet, maar nou was sy binnekant skoon.

Maar wat is dan die probleem? Waarom raak ons nie van die bitterheid ontslae nie? As ek 'n leuen vertel, kan ek dit bely en vergifnis verkry. Om daarvan ontslae te raak moet ek erken dat ek fouteer het. Om ontslae te raak van bitterheid moet ek insien en erken dat ék bitter is. Inteendeel, die neiging is daar om altyd die ander persoon as die skuldige te beskou. Kyk wat het *hy* gedoen. Dit is die kern van die bitterheid. Om daarvan ontslae te raak moet ek erken dat dit *my* probleem is voordat ek dit kan bely en laat staan.

Maar nou sê jy: "Ek is nie bitter nie. Ek word net maklik seergemaak." Ja, dit mag wees, tog is die simptome van iemand wat seergemaak is en iemand wat bitter is, baie dieselfde. Bitterheid is gevoelens wat seergemaak is en die seer is vertroetel en gekoester totdat dit in bitterheid verander het. Hoe langer dit opgekrop word, hoe erger word dit.

Dit is maar net die begin van 'n onheilige siklus. Bitterheid hou verband met haat en die Bybel tref 'n baie duidelike verband tussen haat en moord. Wat ek eintlik wil sê is dat 'n diep seer tot moord kan lei! Sommige mag dink dat dit darem te erg is! Nogtans is dit wat die Bybel ons leer.

Ons doel is om te beklemtoon hoe sondig dit is om bitter te wees. 'n Verbitterde mens moet eerstens, insien en besef dat hy bitter is, en tweedens, dat dit 'n gruwelike sonde is. Natuurlik is die groot rede waarom 'n persoon weier om skuld te erken aan hierdie sonde, die neiging van die mens om altyd die skuld by 'n ander te soek. Die duiwel maak 'n mens wys: "Ja, as hy ophou om leuens te versprei, of nie meer só of só maak nie, of wanneer hy om verskoning vra, dan sal jy beter voel."

Maar sê nou maar die betrokke situasie verander nie. Sê nou maar die betrokke persoon tree nooit anders op nie? Gaan jy dan lewenslank verbitterd bly omdat hy in sy sonde

volhard? Dit maak tog nie sin om só te redeneer nie. Jy sê: "Wanneer hy of sy om verskoning vra, sal ek vergewe, maar nie voor dit nie. Ek het die reg om tot op daardie stadium bitter te wees. Wanneer hy sê hy is jammer, sal ek hom vergewe, en dan sal alles reg wees." Jy bly by jou bitterheid, en op 'n dag kom hy na jou toe en sê: "Ek is jammer". Kan jy hom nou vergewe? Nee, omdat bitterheid nie kan vergewe nie. Indien jy iemand wil vergewe wanneer hy om verskoning vra moet jy vóór die tyd bereid wees. En indien jy bereid is om hom te vergewe voordat hy om verskoning vra, dan maak dit ook nie regtig meer saak of hy om verskoning vra, al dan nie. Met ander woorde, raak ontslae van jou eie bitterheid ongeag wat die ander persoon doen.

Vroeër is die stelling gemaak dat bitterheid gebaseer is op iemand anders se sonde — werklik of denkbeeldig. Dit is egter slegs hoe dit op die oog af lyk. In werklikheid is bitterheid 'n sonde wat op eie bene staan. Die bitter persoon besluit om bitter te wees ongeag die ander persoon se skuld.

Maar jy sê: "Nee, hy het teen my oortree en wanneer hy om verskoning vra, sal alles regkom." Dis egter nie die waarheid nie.

Ek weet van baie gevalle waar 'n oortreder om vergifnis gevra het, maar die verbitterde persoon steeds bitter gebly het. Miskien is die oortreder reeds dood en dus nie meer in staat om verskoning aan te bied nie. Ek weet van mense wat verskriklik bitter is teenoor hulle ouers wat jare gelede oorlede is. Bitterheid is alleenlik die sonde van die verbitterde persoon, en nie dié van iemand anders nie.

Jare gelede het ek by die Walla Walla Gevangenis besoek afgelê om die dag by die gevangenis deur te bring. Ek was ongeveer ses ure daar. Dit was om en by Kersfees gewees. Gedurende die middag het ek die maksimum-bewaringsafdeling besoek en daar met die mense oor evangelisasie gepraat. Een van die gevangenes vra my toe hoe 'n mens die werklik geharde misdadiger kan bereik. Ek het gedink hy stel werklik belang en het die saak met hom bespreek. Daarna is ek na ander afdelings van die gevangenis en teen die aand is ek terug na die maksimum-bewaringsafdeling. Ek besluit toe om met dié mense oor die kwessie van bitterheid te praat. Ek kon my voorstel dat hier heelwat verbitterde mense kan wees.



Dieselfde man wat die middag vir my gevra het hoe 'n mens 'n geharde persoon bereik, stel toe nog 'n vraag: "Hoe kan 'n mens ontslae raak van bitterheid wat jy koester teenoor iemand wat jou driejarige seuntjie wreed geslaan en mishandel het?"

Ek het aan hom verduidelik en toe gesê: "Weet jy, as jy van jou bitterheid ontslae raak, sal jy ook die persoon wat teen jou oortree het kan help sodat hy nie ander kinders sal mishandel nie."

"Nee, dis nie moontlik nie," het die man geantwoord.

"O ja, dit is," het ek volgehou.

"Nee," het die misdadiger vervolg. "Hierdie man kan nie gehelp word nie, want hy is dood. Ek het hom doodgemaak."

Ja, daardie gevangene het die man wat sy driejarige seuntjie mishandel het, vermoor. Daarom was hy in die tronk. Maar alhoewel hy die man vermoor het, *was hy nog steeds verbitterd*. Met ander woorde die feit dat hy aan sy bitterheid uiting gegee het, het dit nogtans nie verwyder nie.

Indien iemand anders om verskoning vra, raak ons nie daaroor van ons bitterheid ontslae nie. Al manier om daarvan verlos te word, is deur opregte belydenis daarvan voor God, op grond van die kruisdood en opstanding van die Here Jesus Christus. *Dit is die enigste oplossing.*

Ons moet die bitterheid nie vertroetel nie en dit ook nie aan ander mense vertel nie. Die enigste oplossing is om dit te bely as 'n groot en gruwelike sonde. Ons moet dit aanhou bely, indien nodig.

Ek het eendag in Montery in Kalifornië by 'n nagraadse skool van die Vloot as spreker opgetree. Daar was 'n man teenwoordig, iemand wat bekend was as 'n bekwame Bybelken-

er. Hy was 'n offisier in die Vloot en alhoewel hy lank reeds
ı aanmerking moes kom om in beheer van 'n duikboot
eplaas te word, het dit nooit gebeur nie. Gevolglik het hy
itter geword. Hy was bitter teenoor die Vloot omdat hy nie
ie bevordering gekry het waarop hy geglo het hy geregtig
vas nie. Ek het oor die belydenis van sonde en bitterheid
epraat en die man het onder oortuiging gekom. Hy het my
om spreek en van sy bitterheid ontslae geraak. Die vol-
ende dag het sy vrou my kom meedeel: "Ek het 'n nuwe
nan." Hy was teenoor die Vloot verbitterd. Maar hy moes in-
ien dat dit sy eie sonde was, en nie die van die Vloot nie.

Amy Carmichael het eenmaal 'n pragitge beeld gebruik. Sy
ıet gesê 'n glas wat tot bo vol is met soet water sal nie 'n
lruppel bitter water stort nie, al word die glas ook hoe hard
gestamp. Indien die glas gevul met soet water gestamp
vord, is dit soet water wat na buite stort. Indien dit harder
gestamp word, wat sal gebeur? Meer soet water. Net so ook
lie mens wat gevul is met soet water. Indien iemand anders
ıom sou stamp, wat sal uitstort? Soet water. Soet water
vord nie deur stampe en stote in bitter water verander nie.
Dit word deur iets anders gedoen.

Stampe en stote bring net tevoorskyn wat reeds in die houer
s. Indien iemand vervul is met soetheid en lig en hy ge-
stamp word, sal net soetheid en lig tevoorskyn kom. Indien
dit heuning is, sal net heuning tevoorskyn kom. Indien asyn
uitstort, wat bewys dit? Dit bewys net wat reeds binne in die
houer is. Met ander woorde, baie bitterheid is geensins as
gevolg van die doen en late van 'n ander persoon nie. Dit is
die uitvloeisel van wat ék is, en wat ék doen.

Baie jare gelede het ek een aand in ons slaapkamer by my
lessenaar sit en werk. My vrou, Bessie, was in die bed. Sy
het lê en lees terwyl ek gewerk het. My werk wou nie vorder
nie en ek was omgekrap. Bessie het een of ander opmerking
gemaak en skielik het ek laat waai. Wat ek te sê gehad het
was geheel en al onchristelik. Verslae het sy my aangekyk
en toe opgestaan en die vertrek verlaat.



Ek het begin nadink: "Sy moes nie gesê het wat sy gesê het nie," het ek myself verdedig. "Dis alles haar skuld." Vir ongeveer tien minute of langer het ek so aangehou en beskuldigings aan haar gerig en myself verontskuldig. Ek het bitter teenoor Bessie gevoel, maar al wat sy gedoen het was om die glas 'n stamp te gee. Dit wat in die glas was, het uitgestort!

As ek op daardie stadium gevul was met soetheid en lig, sou haar stampie geen verskil gemaak het nie. Ek het lank oor die situasie gedink. Ek het van beter geweet, omdat ek reeds goed ingelig was oor die kwessie van bitterheid. Nogtans het ek steeds aan *haar* oortreding gedink, omdat dit vir die mens so lekker is om 'n ander te beskuldig. Party mense volhard jaar na jaar daarin.

Ek het 'n ruk daar gesit en toe opgestaan en langs die bed op my knieë neergesak en gesê: "Here, dis alles my skuld. Ek is bitter. Ek het gesondig. Ek bely dit, versaak dit. Vergewe my asseblief."

Ek het van my knieë af opgestaan en gesê: "Maar kyk wat het sy gesê." Ek het weer op my knieë neergesak. "Here, vergewe my. Ek aanvaar die skuld en die verantwoordelikheid. Dis my sonde en niemand anders s'n nie."
Weer het ek opgestaan maar nog steeds die skuld op Bessie gelaai: "Here, U en ek weet wie werklik fouteer het." Weer moes ek kniel. Daar het ek vir 'n driekwartier gebly totdat ek uiteindelik kon opstaan sonder om die skuld op haar te laai.

Vandag weet ek nie meer wat Bessie gesê het nie, en ook nie waarmee ek by my lessenaar doenig was nie. Ek onthou geen besonderhede nie. Al wat ek onthou is dat ek van my knieë af opgestaan het. Maar ek weet ook egter dat indien ek nie daar en dan met die bitterheid afgereken het nie, *sou ek vandag nog elke besonderheid van die gesprek onthou het.* Dit is die aard van die bitterheid.

Om van bitterheid bevry te word, moet 'n mens insien dat dit sonde is, dat dit alleenlik jóu sonde is. Die oplossing lê nie daarin dat die ander persoon om vergifnis vra nie, of dat hy

oorlede is nie. Al manier om daarvan bevry te word is om dit as sonde teen die heilige God te erken, dit te bely en vergifnis te ontvang.

Die probleem bestaan daarin om my oë van die ander persoon se sonde af te kry. Juis die feit dat 'n mens die skuld by die ander persoon soek, bewys dat jy self skuldig is. Indien die skuld by die ander persoon gelê het, en jy vervul was met soetheid en lig, en nie bitterheid nie, sou jy kommer teenoor hom getoon het. Jy sou gesê het: "Kyk wat het die arme ou gedoen! Indien ek so iets gedoen het, sou ek ellendig gevoel het. Miskien voel hy ook maar so. Ek sal hom probeer help."

Indien jy nie só reageer nie, dan is jy verbitterd. Dan is dit jóu sonde en nie syne nie. Ek is van mening dat hierdie sonde van bitterheid een van die groot hindernisse is teen herlewing in ons land. Wanneer Christene hulle sondes begin bely, dan sal hulle ook in staat wees om ander hulle sondes te vergewe.

> "So sal ook my hemelse Vader aan julle doen as julle nie elkeen sy broeder van harte sy oortredinge vergewe nie" (Matt 18:35).

Die Here Jesus is hier aan die woord en Hy onderrig sy dissipels oor vergifnis.

Die meeste van ons het al ondervinding daarvan dat iemand na ons toe kom om vergifnis te vra. Net so ook het ons almal een of ander tyd ook om vergifnis moes gaan vra.

Mense reageer verskillend op hierdie versoek, maar die mees algemene reaksie is dat die persoon sê daar is niks om te vergewe nie. Hierdie woorde klink baie mooi, maar in werklikheid beteken dit dat die persoon nie wil vergewe nie.

Die persoon vir wie jy om vergifnis gevra het, weet baie goed dat jy vergifnis nodig het, maar hy wil dit nie gee nie en nou sê hy daar is niks om te vergewe nie. Dit mag in enkele gevalle wees dat hulle regtig nie dink daar is iets om te vergewe nie, maar gewoonlik is dit nie so nie.



Sommige mense reageer deur te sê: "Goed, jy's vergewe". Hulle sê dit omdat dit van hulle verwag word, maar dit kom nie uit die hart uit nie. Nietemin vereis die bostaande teks dat vergifnis van harte moet wees. God weet wie 'n ander waarlik vergewe, en wie nie. Ons word ook meegedeel dat God op 'n sekere manier met ons sal werk indien ons nie ons broers van harte vergewe nie. Die Here vereis nie van ons om mooi woorde te spreek nie. Alhoewel ons woorde 'n mens mag oortuig, oortuig dit geensins die Een wat die harte deursoek nie. God weet of jy jou broer van harte vergewe het.

Ons kan nie die sonde van onvergewensgesindheid van die Here wegsteek nie. Ons harte lê oop en bloot voor Hom. Indien ons weier om te vergewe, dan weet Hy dit. Hy ken ons sonde en Hy weet voorwaar wat Sy Woord van ons vereis ten opsigte van vergifnis.

Wat leer die Bybel ons dan van God se optrede teenoor ons?

> "Toe kom Petrus na Jesus en sê: "Here, hoe dikwels sal my broer teen my sondig en ek hom vergewe? Tot sewe maal toe?" (Matt 18:21).

Petrus het gedink dat hy 'n baie toegeeflike houding inneem. Om iemand wat sewe keer teen hom sondig sewe keer te vergewe, is mos darem iets besonders en heiligs.

> "Jesus antwoord hom: Ek sê vir jou, nie tot sewe maal toe nie, maar tot sewentig maal sewe toe" (Matt 18:22).

Toe Jesus dit gesê het, dink jy Hy het bedoel om dit tot 'sewentig maal sewe' te beperk? Moet ons boekhou van elke keer wat iemand teen ons sondig of dat ons 'n ander vergewe? Enige persoon wat boekhou oor hoeveel keer hy vergewe het, het werklik nie van harte vergewe nie. Indien jy jou medemens van harte sou vergewe, sou elke keer soos die eerste keer voel.

Wanneer Jesus ons leer om, onder andere, die ander wang

te draai, is die mens geneig om dit verkeerdelik toe te pas. "Reg so, ek sal hom toelaat om my op die ander wang te slaan," sê die mens, "maar as hy my 'n derde keer slaan, dan sal ek hom platslaan".

Toe Jesus ons geleer het om die ander wang aan te bied, het Hy bedoel dat ons dit van harte moet doen. Jesus aanvaar dat die ander persoon teen jou sondig. Hy aanvaar dat die ander persoon sewe maal teen jou sondig, of sewentig maal sewe (vier honderd en negentig maal). Maar indien jy boekhou, dan is jou vergifnis nie van harte nie.

Daarom word die koninkryk van die hemele vergelyk met 'n sekere koning wat met sy diensknegte wou afreken. En toe hy begin afreken, word daar een na hom gebring wat tienduisend talente skuldig was. En omdat hy nie kon betaal nie, gee sy heer bevel dat hy verkoop moet word, en sy vrou en sy kinders en alles wat hy het, en dat betaal moet word.

Toe val die dienskneg neer en buig voor hom en sê: "Heer, wees lankmoedig met my, en ek sal u alles betaal." En die heer van daardie dienskneg het innig jammer vir hóm gevoel en hom losgelaat en hom die skuld kwytgeskeld.

Maar toe daardie dienskneg uitgaan en een van sy medediensknegte vind wat hom honderd pennings skuldig was, het hy hom aan die keel gegryp en gesê: 'Betaal my wat jy my skuld!'

"Sy mededienskneg val toe voor sy voete neer en smeek hom en sê: 'Wees lankmoedig met my, en ek sal jou alles betaal'.

En hy wou nie, maar het gegaan en hom in die gevangenis gewerp, totdat hy die skuld sou betaal het. En toe sy medediensknegte sien wat gebeur het, was hulle bedroef, en hulle het gegaan en aan hulle heer meegedeel alles wat gebeur het.

Daarop roep sy heer hom en sê vir hom: 'Jou slegte dienskneg, al daardie skuld het ek jou kwytgeskeld, omdat jy my gesmeek het; moes jy nie jou mededienskneg ook



barmhartig wees soos ek jou ook barmhartig gewees het nie?'

En sy heer het hom in toorn oorgegee aan die pynigers totdat hy sou betaal het alles wat hy hom skuldig was.

"So sal ook my hemelse Vader aan julle doen as julle nie elkeen sy broeder van harte sy oortredinge vergewe nie" (Matt 18: 23 - 35).

Toe ons van die dood na die lewe oorgebring is, is ons vergewe en ons skuld is uitgedelg. Toe ons Christene geword het, het ons onvoorwaardelike vergifnis ontvang. Dit was 'n gawe van God en ons het dit sonder voorwaarde ontvang. Daar is egter 'n verskil tussen voorwaardelike en onvoorwaardelike vergifnis.

Toe ons wedergebore is, het ons onvoorwaardelike vergifnis ontvang. Dit was 'n baie groot vergifnis net soos dié van die dienskneg in die gelykenis. In Kol 3:13 lees ons:

> "Verdra mekaar en vergewe mekaar as die een teen die ander 'n klag het; soos Christus julle vergeef het, so moet julle ook doen."

Hoe het die Here ons daar vergewe? Onvoorwaardelik! En ons moet vergewe *soos ons vergewe is.* Ons moet onvoorwaardelik vergewe. Maar wat ons skuldenaar betref, toon ons 'n voorwaardelike vergifnis. Onthou net hoe die hemelse Vader sal optree teenoor die wat maak soos die slegte dienskneg in die gelykenis gemaak het.

> "En vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe" (Matt 6:12).

Die Here het ons so leer bid. Maar ons maak beswaar: "Here, ek wil nie op hierdie manier vergewe word nie. Indien ek só vergewe word, het ek groot probleme."

Die Christen wat hierdie gebed bid, bid om voorwaardelike vergifnis. In verse 14 en 15, aan die einde van die "Onse Vader", sê Jesus: "Want as julle die mense hulle oortredinge vergewe, sal julle hemelse Vader julle ook vergewe. Maar as

julle die mense hulle oortredinge nie vergewe nie, sal julle Vader julle oortredinge ook nie vergewe nie." Is dit waar? Dis die Here Jesus self wat dit sê.

Sommige mag beswaar maak. "Is dit dan moontlik? Ons het dan onvoorwaardelike vergifnis ontvang. Nou sê Jesus hier dat as ek my skuldenaars hulle sondes vergewe, dan sal my hemelse Vader my ook vergewe. Maar indien ek nie hulle oortredinge vergewe nie, dan sal my Vader ook nie my sonde vergewe nie. Dit klink tog baie soos voorwaardelike vergifnis." Hier is die rede waarom dit voorwaardelik is. Toe ons van die dood na die lewe oorgebring is, het God onvoorwaardelik ons groot skuld uitgedelg. Ons het toe opdrag ontvang om te vergewe soos Christus ons vergewe het. Ons is onvoorwaardelik vergewe, en dit word van ons verwag om net so ook te vergewe.

Indien 'n mens onvoorwaardelik vergewe, sal hy dit nie moeilik vind om te bid: "Here, vergewe my soos ek vergewe" nie. Hierdie vergifnis is vanselfsprekend, onvoorwaardelik. Daar bestaan geen teenstrydigheid daarin vir die Christen wat die Here gehoorsaam nie.

Daar blyk net teenstrydigheid te wees indien daar voorwaardes by die vergifnis gestel word. Dit was juis die probleem met die slegte dienskng in die gelykenis. Hy is onvoorwaardelik kwytgeskeld, maar toe hy moes vergewe, toe stel hy voorwaardes!

Nou stel Jesus dit so: "So sal ook my hemelse Vader aan julle doen as julle nie elkeen sy broeder van harte sy oortredinge vergewe nie soos Ek julle van harte vergewe het."

> "En as jou broeder teen jou sondig, gaan bestraf hom tussen jou en hom alleen. As hy na jou luister, dan het jy jou broer gewen; maar as hy nie luister nie, neem nog een of twee met jou saam, sodat in die mond van twee of drie getuies elke woord kan vasstaan. En as hy na hulle nie luister nie, sê dit aan die gemeente; en as hy na die gemeente ook



> nie luister nie, laat hom vir jou wees soos die heiden en die tollenaar.
>
> "Voorwaar Ek sê vir julle, alles wat julle op die aarde bind, sal in die hemel gebonde wees; en alles wat julle op die aarde ontbind, sal in die hemel ontbonde wees. Weer sê Ek vir julle: As twee van julle saamstem op die aarde oor enige saak wat hulle mag vra, dit sal hulle ten deel val van my Vader wat in die hemele is. Want waar twee of drie in my Naam vergader, daar is Ek in hul midde" (Matt. 18: 15-20).

Hierdie gedeelte, wat die gelykenis wat ons behandel het, voorafgaan, het ook met hierdie opregte vergifnis te doen. Indien jou broer teen jou sondig moet jy na hom toe gaan en hom op sy fout wys. As hy na jou luister, dan het jy jou broer gewen.

"O nee," sê jy, "die kanse dat dit sal gebeur is maar skraal. Ek het dit al probeer. Hy het teen my oortree, en in my woede het ek na hom toe gegaan en hom op sy foute gewys, en dit het hom net verdedigend laat optree."

Maar weet jy waarom jou poging misluk het? Omdat jy met 'n onvergewensgesindheid na hom toe gegaan het. Hierdie teksvers maak maar nie veel sin vir baie mense nie omdat hulle nie kan begryp hoe jy 'n ander persoon so kan benader nie; "Hoe kan jy iemand op sy foute wys en dan nog verwag om hom te wen? Hy sal hom vanselfsprekend wil verdedig."

Hoekom dan so? Omdat jy besig is om hom te veroordeel. Maar indien jy met opregte vergifnis na hom toe gaan — die eintlike doel van die voorafgaande gedeeltes — dan sal jou gesindheid nie veroordelend wees nie.

Jy sal beslis nie jou broer wen as jy in bitterheid, of veroordelend, na hom toe gaan nie. Jou gesindheid moet reg wees. Voordat jy na hom toe gaan moet daar vergewensgesindheid in jou hart wees. Hierdie vergifnis moenie voorwaardelik wees nie. Jy moet hom vergewe al toon hy

geen berou nie, en hy sal beslis geen berou toon nie, tensy hy met opregte vergifnis benader word. Jy moet in liefde en met 'n vergewensgesindheid na hom toe gaan. Indien hy luister, dan het jy jou broer gewen.

Maar as hy nie wil luister nie, al het jy hom in die regte gesindheid benader, dan moet jy een of twee persone saamneem — mense met opregte vergifnis in *hulle* harte. Ongelukkig gebeur dit nie gewoonweg so nie. Iemand benader sy broer op 'n beskuldigende manier, dié tree verdedigend op, en word eerder weggestoot as wat hy gewen word. Nou word twee persone wat eensydig ingelig is, saamgeneem, en dié tree ook veroordelend teen die beskuldigde op. Natuurlik sal hulle besoek ook nie slaag nie.

Almal wat by die saak betrokke is, moet vergifnis in hulle harte hê en as die skuldige dan nie skuld wil erken nie, dan lê die fout duidelik by hom. As hy dan nog weier om te luister, moet die gemeente vertel word. Natuurlik is dit ook 'n vereiste dat die houding van die gemeente een van vergifnis moet wees.

Daar is kerke en gemeentes wat dink dat hulle 'n goddelike tugstelsel het, maar in werklikheid is dit nie so nie. Hulle gesindheid is verkeerd. Hulle gaan na die skuldige met veroordeling en beskuldiging in hulle harte in plaas van om hom te verseker dat hulle bereid is om te vergewe. As hy nie skuld erken en bely nie, word hy uiteindelik uit die gemeente verban. En dis immers nie die doelstelling van die tug nie. Die tug is daar om die skuldige binne die gemeente te laat herstel.

Dan sê die Bybel verder dat as die skuldige nog nie wil luister nie, moet hy as ' 'n heiden en 'n tollenaar' behandel word. Wat presies het Jesus daarmee bedoel? Hoe moet 'n heiden en 'n tollenaar volgens Jesus behandel word? As ons terugblaai na Matteüs 5 dan lees ons dat Jesus ons leer om onpartydig op te tree teenoor regverdige en onregverdige, net soos Sy Vader ook maak.

Jesus leer ons om ons vyande lief te hê. Dus beteken dit dat



al behandel ons hulle as heidene en tollenaars, moet dit nietemin in liefde geskied. Hulle is slegs tydelik buite die gemeenskap van die gelowiges, maar hulle word steeds met 'n liefdevolle vergewinsgesindheid bejeën. Hulle wil net nie die opregte vergifnis wat die gemeente aanbied, aanvaar nie. Dis juis hierdie leerstellinng wat aanleiding gegee het tot die gelykenis wat gevolg het op Petrus se vraag: "Here, hoe dikwels sal my broer teen my sondig en ek hom vergewe?"

"Die liefde . . . handel nie onwelvoeglik nie,
soek nie sy eie belang nie,
word nie verbitterd nie,
reken die kwaad nie toe nie" (1 Kor 13: 4, 5).

Die liefde hou nie boek nie. Dikwels hoor mens dat 'n egpaar mekaar die volgende toevoeg: "Jy maak altyd so, maar jy maak nooit so nie." Wat beteken dit? Iemand hou boek. Die Bybel sê ons mag nie 'n lys van 'n ander se oortredings maak nie. Iemand wat van harte vergewe, maak nie so nie.

Wat het Jesus bedoel met die woorde: "Alles wat julle op die aarde bind, sal in die hemel gebonde wees . . ." Hierdie woorde het betrekking op Christelike kerke en gemeentes wat opregte vergifnis beoefen, en wat in die Naam van Jesus optree. Hulle doen wat Jesus hulle beveel het om te doen. Daarom eerbiedig Hy die besluit wat hulle op grond van Sy Woord neem.

Die Here sal nie hulle optrede eerbiedig as dit maar net 'n liefdelose uitvoering van sekere riglyne is nie. Nee, Hy sal slegs hulle optrede goedkeur as hulle met die liefde en vergifnis van Jesus teenoor die skuldige opgetree het. As die gemeente met ware vergifnis teenoor die oortreder opgetree het en hy wil nie luister nie en hulle tug hom dan, dan sal hulle besluite op aarde in die hemel eerbiedig word.

Baie Christene ruk die teksvers wat sê dat waar twee of drie saamstem oor 'n saak *uit verband uit.* Die vers handel oor dissipline in die kerk, en vergifnis teenoor jou broer. Dit word tussen Jesus se lering in verse 15, 16 en 17 en Petrus se vraag geplaas. Gevolglik, wanneer twee of drie in Sy Naam

vergader, dan is Hy in hulle midde. Dit dui op vergewensgesindheid teenoor dié wat verkeerdelik teenoor jou opgetree het.

Dit blyk dat daar 'n verband is tussen onvergewensgesindheid en bitterheid. Bitterheid is eintlik onvergewensgesindheid. Iemand het teen my gesondig, en ek weier om te vergewe. Bitterheid word natuurlik nie deur die verbitterde persoon as sonde erken nie. Nee, die fout lê mos by die ander persoon.

In 'n sekere sin dus is vergifnis eensydig. Jesus Christus het ons almal vergewe nog voordat ons berou getoon het. Dit het natuurlik nie 'n werklikheid geword voordat ons Sy vergifnis aangeneem of ontvang het nie, maar God het nie 'n wrok teenoor ons gekoester totdat ons ons skuld bely het nie. God is nie verbitterd teenoor die sondaar nie. Daar is vergifnis in God se hart nog voordat ons dit aanvaar en toepas. God vergewe ons eensydiglik, en Hy verwag van ons eensydige vergifnis teenoor die persoon wat teen ons mag oortree. Ons dink aan die ander persoon se verkeerde optrede, of woorde teenoor ons, maar eintlik het dit niks met die saak te doen nie. Wanneer 'n Christen van harte vergewe, is hy bekommerd oor die persoon wat teen hom oortree het, en nie oor homself en sy eie eer nie. Ongelukkig egter is ons soos 'n Petrus: "Ja Here, ek sal hom sewe maal vergewe, maar as hy die agste keer oortree, dan is daar probleme!"

Maar opregte vergifnis hou nie boek nie. As jy geneig is om binne of buite die familiekring boek te hou, dan is dit waarskynlik as gevolg van onvergewensgesindheid. En Jesus het gewaarsku dat ons Hemelse Vader ons ook nie sal vergewe as ons ons broer nie van harte vergewe nie. *Vergewe jou broer van harte*.

"Ek het nie ware vergifnis in my hart nie," sê jy. Wie het dan eintlik vergifnis nodig? Diegene wat hierdie liefdeloosheid, hierdie haat, hierdie slegte gesindheid, hierdie wrok, hierdie bitterheid koester. Dis hierdie persoon wat vergifnis nodig het. Jy kan nie twee here dien nie. Jy kan jou nie in die Here



verbly en Sy blydskap ondervind as jy ander nie van harte vergewe nie.

Dit is wel moontlik om met onvergewensgesindheid in jou hart nog kerk toe te gaan en om nog te sing. Maar dit is net uiterlike skyn! Jou sang is nie eg of spontaan nie. Mense wie se harte vol is, sal spontaan sing. Hoekom? Omdat hulle harte skoon is.

Daar is 'n groot verskil tussen sang wat uit 'n hart wat hom in die Here verbly voortkom, en wanneer daar gesing word om blydskap te probeer opwek. Sommige Christene gaan elke Sondag kerk toe en sing om blydskap te probeer verkry. Maar sodra hulle ophou sing, is hulle blydskap ook weg, omdat hulle harte vuil en onrein is.

Ons is almal geneig om onsself as die regverdige te beskou en die ander persoon as verkeerd en met 'n probleem. Maar miskien is dit nie altyd die geval nie. Veronderstel dat dit jy is wat met die probleem van onvergewensgesindheid sit.

As 'n Christen opregte vergifnis in sy hart het, sal hy 'n blymoedige mens wees ongeag hoe groot die oortreding van die ander persoon teenoor hom is.

Maar hoe is dit dan moontlik om aan iemand vergifnis te toon wanneer jy teenoor hom moet ferm optree omdat jy nie met sy leefwyse saamstem nie? Dis eintlik nie so moeilik nie. Indien jy vergifnis in jou hart het, sal die ander persoon dit aanvoel, al tree jy hóe ferm op. Hy sal dit aan jou stembuiging agterkom. Mense kan agterkom of jy vir hulle omgee. Hulle sal weet of jy weens bitterheid ferm optree, en of dit in liefde gedoen word. Indien jou gesindheid reg is, hoef jy jou ook nie te bekommer oor die ander persoon se reaksie nie. Dit is in die Here se hande. Hy mag jou optrede wel nie aanvaar nie, maar hy sal weet of dit in die regte gesindheid gedoen is, al dan nie.

Deur die jare moes ek van tyd tot tyd ferm en beslis teenoor mense optree. Ongeveer twee-en-twintig jaar gelede het 'n man wat as tweedejaarstudent tot bekering gekom het en

toe in Maartmaand van die vorige jaar gedurende sy finale jaar 'n vars ontmoeting met die Here gehad het, by my aangekom. Hy wou 'n paar maande by ons kom inwoon. Ons het ingestem en ons kinders verskuif om vir hom plek te maak. Hy het eers 'n kort tydjie na sy eie tuiste teruggegaan, en toe by ons kom intrek. Voor sy ontmoeting met die Here die vorige Maartmaand het hy van tyd tot tyd by 'n lugwaardin gaan inwoon. Hy het vergifnis van die Here ontvang en vir 'n tyd het dit goed gegaan.

Dit was Juniemaand toe hy by ons ingetrek het. Die aand toe my vrou besig was om die kinders in die bed te sit, het ons twee onder in die woonkamer sit en gesels. In antwoord op my vraag hoe dit met hom gaan, het hy erken dat sy probleem van vroeër weer hervat het.

"Is dit dieselfde meisie?" het ek gevra.

Hy het bevestigend geantwoord en ek het besef dat ek ferm sou moes optree. Ek vra hom toe of hy kon onthou hoe wonderbaarlik die Here hom die vorige Maartmaand vergewe en herstel het?

"Dit was voorwaar wonderlik," het hy erken. "Daar was groot vreugde en vrede."

"Nou ja, Hy kan dit weer doen," het ek reageer. "Kom ons kniel, dan kan jy weer jou sonde bely, en herstel word."

"Nee" sê hy.

"Waarom nie? Jy weet mos dis die waarheid."

"Ja, ek weet. Ek het dit voorheen ondervind. Ek weet die Here sal my weer vergewe, maar ek is nog nie reg om skuld te bely nie."

"Ek dink nie jy begryp die situasie goed nie," het ek ernstig vervolg. "Jy het eintlik nie 'n keuse nie. Jy weet van beter. Jy moet nou herstel word."

"Ek sal dit wel bely, maar nie nou nie." het hy volgehou.

"Jy laat my dan geen keuse nie. Ek sal die gemeente moet



sê dat jy in sonde leef!"

"Hoe kan jy dit doen?" het hy ontsteld uitgeroep. "Ek het jou in my vertroue geneem."

"Ek was nie daarvan bewus dat dit vertroulik was nie. Ek het ook nie geweet wat jy my sou vertel nie, en ek het ook nie geweet dat jy geen berou ná die tyd sou toon nie. God gee my die opdrag om die gemeente in te lig omdat ons geen gemeenskap met jou mag beoefen nie. Ons gaan nie saam met jou eet nie. Die Bybel leer ons hoe om op te tree teenoor 'n broer wat 'n hoereerder is. Hierdie gemeente is nie baie geestelik nie, en sal my waarskynlik tug weens kwaadpratery. Nietemin leer die Bybel my om die gemeente in te lig. Ek sal die Offisiere se Christelike Unie inlig, en hulle sal die saak in 'n baie ernstige lig beskou. Hulle sal baie gou van jou ontslae raak."

Die man het baie kwaad geword.

"En daar is nog 'n verdere probleem," het ek voortgegaan. "In 1 Korinthiërs 5 sê die Bybel dat ons nie met jou moet saam eet nie. Ons as Christene word net nie toegelaat om met immorele mense, wat hulleself Christene noem, om te gaan nie. Indien iemand homself 'n broer noem, en immoreel lewe, dan mag ons selfs nie met hom 'n maaltyd geniet nie. Nou wil jy hê ek moet die Here se opdrag verontagsaam, omdat jy met jou sondige lewenswyse wil voortgaan. Jy verwag ek moet saam met jou eet, en sosiaal met jou verkeer terwyl jy weier om berou te hê oor jou sónde. Jy het alreeds jou goed uitgepak, dus mag jy maar oornag. Maar indien jy nie móreoggend met die Here reggemaak het nie, moet jy voor ontbyt my huis verlaat. Ek wil ook nie hê jy moet met my vrou of my kinders praat nie."

Toe was hy regtig kwaad.

"Ek het jou baie lief en jy weet dit," het ek vervolg. "Jy is welkom om die hele somer hier by ons te bly, maar indien jy nie die saak met die Here regstel nie, laat ek jou nie toe om móreoggend hier ontbyt te nuttig nie".

Hy het geweet dat ek hom liefhet en dat ek nie 'n wrok teen hom koester nie. Hy het geweet dat die liefde eg was. Maar indien soortgelyke optrede in 'n bitter vyandige gesindheid geskied het, sou dinge skeefgeloop het.

Die volgende oggend was sy saak reg met die Here, en hy het die hele somer by ons deurgebring. Dit is dus duidelik dat vergifnis en goddelike dissipline in verband staan met mekaar. Indien dissipline toegepas word, beteken dit nie dat daar 'n gebrek aan vergifnis is nie.

Word stil voor die Here en maak skoon. As daar onvergewensgesindheid teenoor enige persoon aanwesig is, bely dit en vergewe hom van harte. As jy dit ernstig bedoel, sal jy vind dat God naby is. Hy het jou alreeds vergewe.

Oorspronklike titel : HOW TO BE FREE from BITTERNESS
Afrikaanse Teks, 1994
Vertaal deur Elizabeth Chandler.
Uitgewers en Verspreiders:
Operasie Suid-Afrika
Posbus 3090
Kempton Park
1620

ISBN 0-620-18424-8

Bladuitleg deur Frances Branders
Voorbladontwerp deur Louis Branders

Gedruk deur Branders Drukkers
Posbus 26914, Oosrand, 1462
Tel: (011) 826-5040

Alle aanhalings is geneem uit die oorspronklike 1933
Afrikaanse vertaling van die Bybel.